KATOEN COTTON SA

Volume 21 No. 2
June **2019**

A Cotton SA publication for the cotton industry of Southern Africa

www.cottonsa.org.za | R24,00 including 15% VAT

- Local cotton situation
- Katoen, 'n volhoubare alternatiewe droëlandgewas
- Ratoon cotton
- Bolvorming, ontblaring en oes
- Sustainable fashion: five ways to shop smart

POST-CROP MANAGEMENT EDITION

FMC-Landbou-oplossings

Van elke wetenskaplike en landboukundige asook elke man en vrou, by FMC is ons passievol verbind om unieke innoverende oplossings te ontdek om gesonder gewasse te verseker.

Die liefde vir die land is wat ons verenig en ons deel dieselfde visie van 'n wetenskap wat aan die natuur toegewy is.

Ons produkte en dienste stel jou in staat om jou gewasse te versorg en uiteindelik volhoubare groei te bereik.

Kontak jou plaaslike FMC-verspreider om meer uit te vind oor die volgende katoenprodukte: Coragen®, Danadim™ Progress, Fury® 10 EW, Marshal® 48 EC, Steward® 150 EC, Steward®, Talstar® 100 EC, Vantex® 60 CS, Zoro® 36 EC.

Coragen®, bevat chlorantraniliprool (antraniliese diamied) (Rynaxypyr®) Reg. Nr. L8529 Wet Nr. 36 van 1947, versigtig. Danadim™ Progress, bevat dimetoaat (organofosfaat) Reg. Nr. L8868 Wet Nr. 36 van 1947, skadelik. Fury® 10 EW, bevat zeta-sipermetrien (piretroïed) Reg. Nr. L6696 Wet Nr. 36 van 1947, skadelik. Marshal® 48 EC, bevat karbosulfaan (karbamaat) Reg. Nr. L3314 Wet Nr 36 van 1947, giftig. Steward® 150 EC, bevat indoksakarb (oksadiasien) Reg. Nr. L8435 Wet Nr. 36 van 1947, skadelik. Steward®, bevat indoksakarb (oksadiasien) Reg. Nr. L6332 Wet Nr. 36 van 1947, versigtig. Talstar® 100 EC, bevat bifentrin (piretroïed) Reg. Nr. L3171 Wet Nr 36 van 1947, skadelik. Vantex® 60 CS, bevat gamma-sihalotrin (piretroïed) Reg. Nr. L7227 Wet Nr 36 van 1947, versigtig. Zoro® 36 EC, bevat abamektien Reg. Nr. L8712 Wet Nr. 36 van 1947, skadelik.
FMC Chemicals (Pty) Ltd, Posbus 44, Postnet Menlyn, Waterkloof Glen, 0181, Republiek van Suid-Afrika. Tel: +27 12 003 2938.
Alle bogenoemde produkte is handelsmerke van FMC Corporation of sy affiliate. Datum: 02/2019.

TD.19.039R

GEBRUIK PLANTBESKERMINGSPRODUKTE MET VEILIGHEID EN VERANTWOORDELIKE SORG.
VOLG TEN ALLE TYE AANWYSINGS OP ETIKET MET TOEDIENING VAN PLANTBESKERMINGSPRODUKTE.

Hennie Bruwer
HUB: Katoen SA
CEO: Cotton SA

KATOENSAADVOORRAAD ONDER DRUK

Oestyd is in meeste van die produksiegebiede goed op dreef, terwyl produsente ook fluks besig is om voorbereidings vir saadaankope vir die nuwe plantseisoen te tref.

Die boverwagte groei in katoenaanplantings oor die afgelope twee tot drie jaar het groot druk op saadvoorsiening geplaas. Die verwagting is dat aanplantings in die 2019/20-seisoen verder sal toeneem, wat gevolglik nóg groter druk op beskikbare katoensaadvoorraad sal plaas. Hierdie situasie is verder bemoeilik deur die samesmelting van Monsanto en Bayer, wat met ingang van Maart 2019 onder die vaandel van Bayer bedryf word.

Een van die voorwaardes vir die samesmelting was dat Bayer sy Suid-Afrikaanse katoensaadbesigheid aan 'n geskikte plaaslike derde party moet verkoop. Bayer moet egter die saadbesigheid in stand hou totdat 'n geskikte koper gevind word. Met die ter perse gaan van hierdie publikasie is nog geen geskikte koper gevind om Bayer se saadbesigheid oor te neem nie.

Hierdie situasie het die bedryf genoop om betrokke te raak in 'n poging om enige verdere druk op die saadvoorsieningsituasie vir die toekoms te help verlig. Daar sal weldra terugvoer in dié verband gegee word. Produsente word intussen versoek om hul saadbehoeftes vir die 2019/20-seisoen by hul plaaslike pluismeulenaars te plaas. Die korrekte saadaanvraag kan sodoende betyds bepaal word vir belangstellende produsente wat in die nuwe seisoen wil plant.

COTTONSEED STOCKS UNDER PRESSURE

Harvest time is well under way in most of the production areas, while producers are also hard at work to prepare for seed purchases for the new planting season.

The better-than-expected growth in hectares planted to cotton over the past two to three years has placed great pressure on seed supply. It is expected that cotton plantings will increase further in the 2019/20 season, putting even greater pressure on the available cottonseed stocks. This situation is further complicated by the merger of Monsanto and Bayer with effect from March 2019, with the business now operating under the auspices of Bayer.

One of the conditions of the merger was that Bayer is required to sell its South African cottonseed business to a suitable local third party. Bayer is required to maintain the seed business until a suitable buyer is found. At this point, a suitable buyer has not yet been found to take over Bayer's seed business.

This situation has prompted the industry to facilitate the process to help relieve any further pressure on the seed supply situation for the future, and feedback will soon be given in this regard. In the meantime, producers are urged to place their seed requirements for the 2019/20 season at their local ginners. The correct seed demand can then be determined in time for the benefit of producers who intend to plant cotton in the new season.

CONTENTS

REDAKSIONELE KOMITEE / EDITORIAL COMMITTEE

+27 (0)12 804 1462
PO Box 912232, Silverton,
Pretoria 0127, South Africa
www.cottonsa.org.za

Editorial contributions & subscriptions
Koot Louw
+27 (0)12 804 1462
kootlouw@cottonsa.org.za

Agri Connect team
Manager Leza Putter
Copy editor Michele van Loggerenberg
Production manager Henk Odendaal
Lead designer Michellé van der Walt

Advertising & rates
Ilse Liveris
+27 (0)12 843 5717
ilse@agriconnect.co.za

Soekie du Toit
+27 (0)12 843 5709
soekie@agriconnect.co.za

Illa Hugo
+27 (0)82 898 3878
illa@agriconnect.co.za

Accounts
Charlene Bam
+27 (0)12 843 5703
charlene@agriconnect.co.za

Printers
Typo, Johannesburg
+27 (0)11 402 3468

Contributors

Hennie Bruwer	henniebruwer@cottonsa.org.za
Dr Annette Bennett	annette@cottonsa.org.za
Koot Louw	kootlouw@cottonsa.org.za
Gert Klindt	gert@cottonsa.org.za
Helena Claassens	helena@cottonsa.org.za
Tanya Aucamp	tanya.aucamp@gmail.com
Dr Koos Coetzee	kooscoetzee49@gmail.com
Ruan Gagiano	ruangagiano777@gmail.com

KATOEN COTTON SA

is published quarterly by Agri Connect (Pty) Ltd for

KATOEN SUID-AFRIKA COTTON SOUTH AFRICA

Cover picture: Sponsored by Afgri Equipment, a division of Afgri Operations (Pty) Ltd.

OUTLOOK ON TEXTILES

by Helena Claassens, Cotton SA

POSSIBLE EFFECT OF CHANGES IN CERTAIN TRADE AGREEMENTS ON THE LOCAL COTTON TRADE

The purpose of trade agreements is to facilitate trade between countries. However, the EU and the UK talk about splitting, and China and the USA are involved in a trade "war".

How will it affect the South African cotton industry?

European Union (EU)

The EU consists of various European countries. Britain voted to leave the EU, which could have an effect on trade between countries. Less than 2% of cotton yarns and fabrics were imported from, and exported to the EU. It could be deduced that the EU is one of the smaller players in South Africa's international trade, and that Britain's exit from the EU would have little effect on South Africa's cotton industry.

China and the USA

The United States of America plans to increase tariffs on Chinese goods, and vice versa. The proposed increase in tariffs on American cotton is one of the reasons why Chinese buyers avoid the USA. Once the trade dispute ends, it is expected that China could be an aggressive buyer of USA cotton with prices rising significantly. At the same time China, while looking to India for cotton, may continue to buy cotton from countries like Brazil, which could limit any possible price advances. The cotton fibre trade between South Africa and China and between South Africa and the USA is very limited.

Conclusion

The EU is a small player in South Africa's international textile and yarn trade, and Britain's exit from the EU would have little effect on South Africa's cotton fibre and textile industry.

With regard to cotton fibres, trade with both China and the USA is almost non-existent and would have negligible effect on South Africa's cotton fibre industry. Imports of manufactured cotton textiles will continue to originate from China at lower-than-local prices.

Local cotton producers could be hit the hardest if the negotiations between the USA and China lead to lower cotton prices. Even though South Africa is a small-producing country, any fluctuations in global prices would affect the local price and therefore local production.

COTTON SA MARKET REPORT

by Koot Louw, Cotton SA

The **COTLOOK A INDEX** is a daily indicator of international cotton lint prices and is the average of the cheapest five quotations (cost and freight) from a selection of the principal upland cottons traded internationally, destination: Far East.	**COTLOOK A INDEX**	**DERIVED SA "PRICE"**
	Average USA c/lb	Average SA c/kg
March 2019	83,70	2 655,64
Last week (29/04/19 to 03/05/19)	85,93	2 726,76
April 2019	87,27	2 721,97
Today (06/05/19)	**84,95**	**2 709,98**
Today a year ago	93,50	2 601,84
Today two years ago	89,10	2 653,78





GLOBAL COTTON PRODUCTION EXPECTED TO INCREASE BY 5% IN 2019/20

The planting of cotton in the northern hemisphere, which accounts for about 90% of global cotton production, is currently in full swing. The International Cotton Advisory Committee (ICAC) expects the world cotton area for 2019/20 to increase by about 3% compared to 2018/19. Global cotton production is expected to increase by about 5% to 27,5 million tonnes – the second largest crop on record. In India, the largest global cotton producer currently, cotton production is expected to increase by 5% to 6,1 million tonnes. On the other hand, cotton production in China, the world's second largest cotton-producing country, is expected to increase only by about 1%. The ICAC projects that cotton production in the USA and Pakistan, the world's third and fourth largest cotton producers, will increase by 12% and 18% in 2019/20 respectively. These four countries together account for about two-thirds of global cotton production.

The ICAC expects world cotton consumption to continue to grow steadily by about 2% in 2019/20 to a record level of 27,1 million tonnes. Cotton consumption is expected to remain stable at 8,5 million tonnes in China, the world's largest consumer of cotton. However, a 3% increase in cotton mill use is expected in both India and Pakistan, the world's second and third largest cotton-consuming countries.

The USA will remain the world's largest cotton exporter with a projected export figure of 3,3 million tonnes for 2018/19. According to the ICAC, China imported 560 000 tonnes of USA cotton during the 2017/18 season

with an expected 250 000 tonnes to be imported from the USA during the current 2018/19 season. Until the trade dispute between the USA and China is resolved, USA cotton exports to China will continue to be subject to the additional 25% tariff imposed in July 2018. Other major cotton-exporting countries have increased quantities to China, with Australia already having exported 440 000 tonnes to China so far this season, exceeding the 280 000 tonnes exported in 2017/18. Brazil has exported 380 000 tonnes to China so far this season, exceeding the 82 000 tonnes exported in the 2017/18 season. Cotton exports to China have increased from almost all other cotton-exporting countries, including India, Greece and West African countries.

World cotton ending stocks for 2019/20 are expected to remain essentially unchanged from the previous three seasons at 18,5 million tonnes. Nevertheless, world cotton stocks outside of China have steadily increased over this period, from 8,1 million tonnes in 2016/17 to an expected 10,3 million tonnes in 2019/20.

SA COTTON CROP

The fourth estimate for the 2018/19 production year indicates a cotton crop of 235 837 lint bales for South Africa, an increase of 25% over the previous season and more or less unchanged from last month's estimate. Dryland and irrigation hectares show increases of 33% and 21% respectively over the previous year, mainly due to the more favourable prices of cotton in relation to competitive crops, but also due to renewed interest in cotton production.

PRICES

The ICAC's price projection for the 2018/19 season (starting 1 August 2018), indicates a season average Cotlook A Index of between 82 USA c/lb and 93 USA c/lb. A midpoint of 87 USA c/lb (current SA "price" equivalent of about R27/kg lint) is expected.

Planting in the northern hemisphere is currently underway with favourable weather conditions overall. This, coupled with weakening demand for cotton and the fact that the USA still does not have an agreement with China, is putting pressure on cotton prices.

Cotton crop report: fourth estimate 2018/19 production year

Production region	Hectares irrigation	Hectares dryland	Yield irrigation kg seed cotton/ha	Yield dryland kg seed cotton/ha	Production 200-kg bales cotton lint	% of crop hand-picked	% of crop ginned so far
LIMPOPO							
Loskop	4 467	0	4 600	0	36 987	0%	0%
North and South Flats	1 236	11 875	3 200	700	22 082	0%	0%
Koedoeskop, Dwaalboom, Thabazimbi	7 562	0	5 200	0	72 746	0%	0%
Limpopo other	385	142	3 500	400	2 528	0%	0%
Weipe	1 100	0	3 500	0	7 123	0%	0%
NORTHERN CAPE							
Vaalharts	2 333	0	4 580	0	19 768	0%	0%
Lower Orange River	364	0	4 000	0	2 694	0%	0%
Rest of Northern Cape	4 065	0	4 858	0	38 313	0%	0%
NORTH WEST							
Stella, Delareyville, Schweizer-Reneke, etc.	628	3 178	4 349	2 139	17 627	0%	0%
Taung, Skuinsdrif	388	0	4 489	0	3 222	0%	0%
KWAZULU-NATAL	736	1 989	4 075	800	8 493	18%	0%
MPUMALANGA	10	1 080	0	750	1 563	100%	0%
FREE STATE	50	800	3 500	1 600	2 692	0%	0%
RSA TOTAL	**23 324**	**19 064**	**4 696**	**989**	**235 837**	**1%**	**0%**
Swaziland*	250	1 500	4 000	750	3 825	100%	0%
Botswana*	0	0	0	0	0		
Namibia*	50	0	0	0	370		0%
Zimbabwe*	0	0	0	0	0		
Mozambique*	0	0	0	0	0		
GRAND TOTAL	**23 624**	**20 564**	**4 688**	**971**	**240 032**	**3%**	**0%**

* Particulars relate to expected purchases of seed cotton by South African and Swaziland ginners from these countries.

LOCAL COTTON SITUATION – 2018/19 MARKETING SEASON

by Koot Louw, Cotton SA

Production

According to the statutory returns submitted by South African cotton ginners, production of cotton lint totalled 31 693 tonnes for the 2018/19 marketing year (1 April 2018 to 31 March 2019), which represents a 98% increase over the previous season. This is mainly due to increased hectarage, which is a result of the more favourable prices of cotton in relation to competitive crops, as well as the renewed interest in cotton production.

On 31 March 2019 local cotton ginners still had 14 378 tonnes of seed cotton and 2 856 tonnes of cotton lint in stock.

Consumption

The total lint consumption by the local cotton spinning mills for the 2018/19 marketing year totalled 18 958 tonnes, representing a 12% decrease compared to the previous season. This decrease in cotton mill use can mainly be ascribed to the closing down of the Swaziland cotton spinner in the 2017/18 marketing year. Another factor is that most of its cotton spinning business was not taken up by the remaining four cotton spinning mills.





Following the closing down of South Africa's largest cotton spinner in 2009, local cotton mill use declined significantly to stabilise between 19 000 and 22 000 tonnes for a number of years. This can be seen on the cotton lint consumption graph. The overall decrease in local cotton consumption in recent years is mainly due to the continued imports of low-priced textiles and apparel from Asia, which impacts negatively on local demand as well as on textile and clothing exports.

Trade

Local cotton spinning mills imported 84% of their cotton requirements during the 2018/19 marketing season, 65% of which originated from Zambia. The two other main suppliers in 2018/19 were Zimbabwe and India, respectively accounting for 28% and 5% of spinners' cotton lint imports. Total cotton lint imports amounted to 15 856 tonnes. As a rule, more than 90% of all cotton imports originate from countries within the Southern African Development Community (SADC) as there is no import duty applicable on cotton lint imports from these countries in terms of a free-trade agreement.

During the 2018/19 marketing season, a record 26 039 tonnes of locally produced cotton lint was exported.



NUUS / NEWS

COTTON SA'S COTTON SKILLS TRAINING PROGRAMME

Fifty smallholder cotton farmers from Mpumalanga who enrolled for Cotton SA's Cotton Skills Training programme in the 2017/18 marketing year, recently received certificates during a certification ceremony hosted by the Mpumalanga Department of Agriculture, Rural Development, Land and Environmental Affairs.

Cotton SA's smallholder farmer training programme, now in its 18th year, remains one of its core transformation initiatives. Cotton SA NPC is an AgriSeta accredited training institution and in total 1 171 smallholder farmers have so far attended these training courses.

Cotton farmers who attended the certification ceremony to receive their certificates.

WÊRELDKATOENSUBSIDIES

Die International Cotton Advisory Committee (ICAC) berig dat subsidies wat deur regerings beskikbaar gestel word om hul katoensektore te ondersteun, toegeneem het gedurende 2017/18. Hierdie subsidies sluit direkte produksie-ondersteuning, grensbeskerming, oesversekeringsubsidies en minimumprysondersteuningmeganismes in. Tydens hierdie periode het die totale subsidies sowat $5,9 miljard beloop, wat 'n toename van 33% teenoor die $4,4 miljard van 2016/17 verteenwoordig.

Tien lande het subsidies in 2017/18 verskaf wat gemiddeld 18 VSA c/lb beloop het. Die vier lande wat die grootste bystand aan hul katoensektore in 2017/18 verleen het, was:

- China ($4,25 miljard);
- die VSA ($886 miljoen);
- Turkye ($398 miljoen); en
- Griekeland ($225 miljoen).

Gesamentlik is hulle verantwoordelik vir 97% van die globale regerings-ondersteuning.

THE MARKET FOR DENIM

Denim is one of the most traditional cotton fabrics but in recent years the demand for denim has been facing new challenges and pressures. The use of athletic apparel for activities other than exercise is rapidly increasing and consumers, especially women, are seeking casual and versatile athletic clothing that can be worn throughout the day for several activities, including work. As both manufacturers and buyers look for denim with a friendlier environmental footprint, the denim industry will be forced to become more innovative and advanced.

According to the ICAC, China remains the largest exporter of denim in the world, accounting for approximately 45% of total denim fabric exports. The global market share of denim in cotton fabric exports by volume has ranged from 18% to 20% over the past five years. More than 1,2 billion pairs of denim jeans are sold around the world every year.



The southern Indian state of Tamil Nadu.

RAREST, MOST LUXURIOUS COTTONS IN THE WORLD

Luxury-grade yarns spun from extra-long staple (ELS) cotton make extraordinarily fine cottons. The name ELS cotton is given to cotton fibres of extraordinary length, superior strength and uniformity, high lustre and unrivalled softness. These characteristics create the most luxurious fabrics. ELS cottons such as Sea Island, Indian Suvin, and Egyptian Giza 45 are considered the most luxurious, making them highly prized and the most expensive of all cottons. These varieties are hand-picked and are very scarce.

Sea Island, the original ELS variety, is grown in the Caribbean Islands. It is the rarest type of cotton, and said to make up less than 0,0004% (100 tonnes) of global production and is more than 10 times as expensive as other cottons.

Suvin is the jewel in the Indian cotton crown. Suvin is a hybrid of Sea Island cotton from St Vincent in the Caribbean, and an Indian variety called Sujatha. Often called "White Gold", only a few thousand bales of this superfine cotton are grown each year in the southern Indian state of Tamil Nadu.

Giza 45 is the most highly prized of all the Egyptian cottons. It is cultivated in a small area of the Nile Delta, where sun, rain, humidity and fertile soil create perfect growing conditions for the annual production of less than 300 tonnes. Harvested by hand, it is five times as expensive as other Egyptian cottons.

BCI Better Cotton Initiative

RECORD LEVEL OF BETTER COTTON UPTAKE

In 2018, the Better Cotton Initiative (BCI) experienced a historic level of uptake as 93 retailers and brand members sourced more than one million metric tonnes of Better Cotton – that is enough cotton to make approximately 1,5 billion pairs of jeans. Better Cotton uptake increased 45% from 2017, and at the end of 2018, retailers' and brand members' sourcing of Better Cotton accounted for 4% of global cotton consumption. By integrating Better Cotton into their sustainable sourcing strategies and increasing sourcing commitments year-on-year, BCI's retailer and brand members are driving demand for more sustainable cotton production worldwide.

Katoen SA se **KATOENKLEINBOERFORUM**

Die Katoenkleinboerforum, wat funksioneer as 'n komitee van Katoen SA en wat reeds onder die ou Katoenraad tot stand gekom het, het onlangs sy 74ste vergadering gehou.

Twee van die hoofdoelwitte van Katoen SA met betrekking tot kleinkatoenboerontwikkeling is om die deelname van kleinboere te verbreed. Dit stel hulle in staat om hulle aandeel in die Suid-Afrikaanse katoenoes te laat toeneem, en ook om kleinboere se produktiwiteit te verhoog deur opleiding. Die hooffunksie van die forum is om:

- 'n koördinerende rol te vervul;
- vordering met betrekking tot die gestelde doelwitte te monitor; en
- 'n omgewing te skep waar positiewe interaksie tussen rolspelers tot verhoogde marktoegang vir klein katoenboere kan lei.

Rolspelers wat die afgelope Katoenkleinboerforum-vergadering bygewoon het.

PEET VAN NIEUWENHUIZEN TREE AF

Oom Peet se betrokkenheid in die katoenbedryf strek oor 'n periode van 44 jaar. In 1975 was hy vir die eerste keer betrokke by die ontvangs en pluis van katoen in Marble Hall. In dieselfde jaar het hy katoensaadproduksie begin doen, hom as saadinspekteur bekwaam en later opleiding in dié verband gegee. Oom Peet was gedurende die sewentigs ook betrokke by katoenteling by die Oudestad Proefplaas, sowel as by die aanplant van katoenproewe, en het in dié tyd katoenvoorligtingsdienste aan boere gelewer.

In die tagtigerjare het hy begin met katoengradering en later by die Loskop Pluismeule as voltydse gradeerder aangesluit. Hier het hy voorligting oor alle aspekte van katoenproduksie aan boere verskaf.

Hy word bedank vir sy diens aan die Suid-Afrikaanse katoenbedryf en word 'n welverdiende en voorspoedige aftrede toegewens.

Oom Peet van Nieuwenhuizen.

Ons is daar van plant, tot stoor, tot in die mark.

GWK Katoen

As jy na die beste oplossings vir jou katoenboerdery soek, vertrou ons span by GWK Katoen. Of jy al jare katoen aanplant of dit vir die eerste keer oorweeg, het ons spesialiste wat elke jou in elke stap kan ondersteun. Met gevestigde internasionale markkanale verseker ons dat jou produk in die regte hande beland.

Fanus Linde | Bestuurder | 082 888 0016 | fanusl@gwk.co.za

gwk.co.za

GWK

innoveer landbou

Sterkfonteindam.

DAMME EN KLIMAATS-VOORUITSIGTE

SA Weerdiens Verslag soos op 3 Mei 2019
Saamgestel deur Katoen SA

DAMMESTAND SOOS OP 13 MEI 2019











KLIMAATSVOORUITSIGTE VIR MEI TOT SEPTEMBER 2019

Die El Niño-Suidelike Ossillasie (ENSO) het in 'n matige El Niño-staat gebly en aanduidings is dat dit regdeur die winter en lente sal versterk. Daar word egter nie verwag dat dit Suid-Afrika in die huidige en komende seisoene sal beïnvloed nie, aangesien ENSO 'n beperkte effek in Suid-Afrika gedurende die herfs en winter het.

Voorspellings vir vroeë en midwinter (Mei tot Julie; Junie tot Augustus) is optimisties vir bonormale reënvaltoestande oor die suidwestelike dele van die land. 'n Toename in die aantal reënvaldae van ongeveer 5 mm word ook verwag tydens vroeë winter. Dit is belangrik om daarop te let dat reënval gewoonlik gedurende die winter oor die hele land afneem, behalwe in die Suidwes-Kaap. Daarom word geen noemenswaardige reënval gedurende die voorspelde tydperk vir die sentrale en noordoostelike dele van die land verwag nie.

Wat temperature betref, word daar oor die algemeen hoër as normale temperature vir die meeste dele van die land verwag; behalwe vir die middel van die winter wanneer laer as normale maksimum temperature vir die suidwestelike helfte van die land verwag word.

Katoen, 'n volhoubare alternatiewe droëlandgewas

deur dr. Koos Coetzee, 'n onafhanklike landbou-ekonoom

Droëlandkatoen met 'n opbrengs van vier ton/ha, 2008 – Willem van der Walt.

Katoen kan winsgewend in die somersaaigebiede in kombinasie met ander somergewasse verbou word.

KATOENPRODUKSIE NEEM TOE

Boere plant al hoe meer katoen. In die 2018/19 produksiejaar is daar 19 362 ha droëlandkatoen geplant, meer as dubbel die oppervlakte wat in 2005/06 geplant is. Die hoofrede vir die toename is groter winsgewendheid vergeleke met ander somergewasse. Drie faktore bepaal die winsgewendheid van 'n akkerbouvertakking, naamlik die opbrengs, die prys wat realiseer en die koste om die produk te produseer en te bemark. Indien droëlandmielies, -sojabone en -katoen op dié basis vergelyk word, dan blyk dit voordelig vir saaiboere te wees om katoen deel van hul somergraanpakket te maak.

OPBRENGS PER HEKTAAR

Die gemiddelde nasionale opbrengs van katoen, mielies en sojabone onder droëlandtoestande word in Figuur 1 op 'n indeksbasis vergelyk. Hoewel opbrengste van jaar tot jaar wissel, is daar 'n redelike korrelasie tussen katoen-, mielie- en sojaboonopbrengste. Mielie- en katoenopbrengste het verbeter oor tyd. Vir die vyfjaarperiode van 2006/07 tot 2010/11 was die ongeweegde gemiddelde opbrengs van katoen 710 kg/ha. Dit styg tot 882 kg/ha vir die vyfjaarperiode vanaf 2014/15; 'n styging van 24%. Dieselfde tendens is tot 'n mindere mate by mielieopbrengste sigbaar, waar die gemiddelde produksie styg met 14%. Sojaboonopbrengste styg slegs marginaal. Oor die periode vanaf 2006/07 tot 2017/18 was die geweegde gemiddelde droëlandopbrengs van katoen 878 kg/ha, van mielies 4,1 ton/ha en van sojabone 1,7 ton/ha. Vir die 2018/19 seisoen word 'n opbrengs van 920 kg/ha vir droëlandkatoen, 4,6 ton/ha vir mielies, (insluitend besproeiingsmielies), en 1,7 ton/ha vir sojabone voorspel.

PRODUSENTEPRYSE

Produsentepryse varieer op 'n dag-tot-dag basis. Gemiddelde pryse word in Figuur 2 op 'n indeksbasis vergelyk. Katoenpryse is meer stabiel as mielie- en sojapryse. Mielieprys varieer tussen invoer- en uitvoerpariteit, afhangende van die grootte van die plaaslike oes, terwyl katoenpryse grootliks gebaseer is op internasionale katoenveselpryse en plaaslike katoensaadpryse. Katoensaad is 'n belangrike bestanddeel van herkouervoeding en 'n gesogte voer vir melkkuddes. Die prys van katoensaad vir veevoer varieer in 2018 tussen R4 172 en R3 722 per ton, bykans gelyk aan die sojaboonprys.

Figuur 1: Droëlandkatoen-, mielie- en sojaboonopbrengste vergeleke met langtermyngemiddeld, 2006–2018.



Bron: Graan SA; Katoen SA

Figuur 2: Jaarlikse gemiddelde katoenpluksel-, mielie- en sojaboonpryse, 2008–2017.



Bron: Graan SA; Katoen SA: SAGIS

Tabel 1: Inkomste- en kosteraming vir droëlandkatoen, -mielies en -sojabone, 2018/19.

Inkomste- en kosteraming: Droëlandmielies teen verskillende opbrengspeile

Beplanningsopbrengs (ton/ha)	3,5	4	4,5	5
Totale koste per hektaar voor bemarking	9 333	9 759	10 185	10 611
Bemarkingskoste (R/ha)	980	1 120	1 260	1 400
Totale koste (R/ha)	10 313	10 879	11 445	12 011
Totale koste (R/ton)	2 947	2 720	2 543	2 402
Safex Julie 2019-prys (Maart 2019)	2 702	2 702	2 702	2 702
Verwagte wins/verlies (R/ton)	-245	-18	159	300
Verwagte wins/verlies (R/ha)	**-856**	**-71**	**714**	**1 499**

Inkomste- en kosteraming: Droëlandkatoen teen verskillende opbrengspeile

Beplanningsopbrengs (kg pluksel/ha)	1 000	1 500	1 750	2 000
Totale koste per hektaar voor bemarking	9 356	10 324	10 790	11 399
Bemarkingskoste (R/ha)	70	105	123	140
Totale koste (R/ha)	9 426	10 429	10 913	11 539
Totale koste (R/kg)	9,43	6,95	6,24	5,77
Verwagte prys 2019	9,00	9,00	9,00	9,00
Verwagte wins/verlies (R/kg)	-0,43	2,05	2,76	3,23
Verwagte wins/verlies (R/ha)	**-430**	**3 075**	**4 830**	**6 460**

Inkomste- en kosteraming: Droëlandsojabone teen verskillende opbrengspeile

Beplanningsopbrengs (ton/ha)	1	1,25	1,5	2
Totale koste per hektaar voor bemarking	7 548	7 847	8 145	8 731
Bemarkingskoste (R/ha)	63	79	95	126
Totale koste (R/ha)	7 611	7 925	8 240	8 857
Totale koste (R/ton)	7 611	6 340	5 493	4 429
Safex Julie 2019 prys/ton (Maart 2019)	4 925	4 925	4 925	4 925
Verwagte wins/verlies (R/ton)	-2 686	-1 415	-568	496
Verwagte wins/verlies (R/ha)	**-2 686**	**-1 769**	**-852**	**993**

Bron: Graan SA; Katoen SA; GWK Kostegids 2018

BRUTO INKOMSTE

Die bruto inkomste is die produk van die opbrengs en die prys waarteen dit bemark word. Gebaseer op die verwagte 2018/19 oes en huidige prysverwagtinge is die bruto inkomste per hektaar vir mielies, sojabone en katoen gelyk aan R12 429, R8 373 en R8 280 per hektaar, onderskeidelik. Indien bruto inkomste vir die Noordwes-provinsie (ook gebaseer op die 2018/19 oesskatting) vergelyk word, dan verander die bruto inkomste na R9 070, R6 402 en R15 746 vir die drie gewasse respektiewelik.

INKOMSTE- EN KOSTERAMINGS

Inkomste- en kosteramings vir droëlandkatoen, -sojabone en -mielies word in Tabel 1 aangedui. Die produksiekoste per hektaar vir mielies en katoen verskil nie veel nie. Sojabone se produksiekoste is wel laer. Nie een van die drie gewasse is winsgewend teen 'n laer opbrengs nie. Teen hoër opbrengste is katoen baie meer winsgewend. Omdat die inkomste- en kosteramings vanuit verskillende bronne saamgestel is, moet die syfers versigtig hanteer word en produsente behoort dit met hul eie syfers te kontroleer. Vir al drie gewasse is dit nie volhoubaar om laepotensiaalgrond te gebruik nie.

Die produksiekoste van katoen is vergelykbaar met dié van mielies en dus is die effek van 'n misoes of 'n swakker oes dieselfde. Sojabone kan net oorweeg word indien 'n baie hoë opbrengs verkry word, soos dit uit die kosteramings blyk.

SAMEVATTING

Droëlandgewasproduksie is riskant. Hoë produksiekoste veroorsaak dat 'n misoes finansieel rampspoedig vir boere kan wees. Moderne vogbewaringsbewerkingspraktyke stel boere egter in staat om selfs in "moeilike" jare bogemiddelde opbrengste te behaal. Katoenprodusente sal onder swak toestande ongeveer dieselfde verlies per hektaar as mielieprodusente ly. Die voordeel van katoenproduksie bo die ander somergewasse word egter teen hoër opbrengste verkry. Teen 'n opbrengs van 5 ton/ha kan 'n mielieprodusent 'n inkomste van R1 500/ha teen huidige Safex-pryse verwag, terwyl 'n katoenprodusent teen 'n opbrengs van 2 ton/ha 'n inkomste van R6 400/ha kan verwag.

Hoewel die syfers aandui dat katoen meer winsgewend as mielies en sojabone verbou kan word, beteken dit nie dat mielieprodusente nou halsoorkop na katoenproduksie moet oorskakel nie. 'n Klomp faktore moet oorweeg word voordat so 'n besluit geneem kan word. Die volgende ekonomiese aspekte moet in ag geneem word:

- Verwagte produksiepryse
- Die beskikbaarheid en koste van katoen-oesmasjinerie
- Bemarkingskoste
- Die skoolgeld in terme van opbrengste wat onafwendbaar is
- Gewasspesifieke faktore soos die kwesbaarheid van katoenplante vir droogte in die opkomsfase
- Wisselbouvereistes
- Die beskikbaarheid van opvolggewasse

Vir die boere wat daarin slaag om hoë opbrengste te verkry onder droëlandtoestande, soos die verwagte 1 750 kg/ha wat in die Stella-, Delareyville- en Schweizer-Reneke-gebiede verwag word, verskaf katoen 'n goeie alternatief vir mielies en sojabone.

BLOU BETEKEN

Effektiwiteit en produktiwiteit

RUBIN 12 SWAERDIENS KOMPAKTE SKOTTELEG

Individueel gemonteerde 736 mm skottels met oorlaai beskerming

LEMKEN se Rubin 12-skotteleg is die ideale hulpmiddel om groot hoeveelhede plantmateriaal doeltreffend in die grond te werk. Die Rubin 12 is ontwerp met 'n aggressiewe invalshoek wat bewerking in moeilike omstandighede vergemaklik. Die hidroliese beheerde rollers beheer die diepte van die werktuig en verseker 'n uitsteekende ferm saadbed

- Werksdiepte van 7 - 20 cm, hidrolies aangepas
- Simetriese skottelrangskikking om sywaardse beweging tee te werk
- Meng organiese materiaal eweredig in die grond vir vinnige organiese materiaalontbinding

Nader jou naaste LEMKEN Handelaar om meer uit te vind oor ons wye reeks LEMKEN produkte

Karel Minnik, Direkteur, 082 412 2577;
k.munnik@lemken.com
Blackie Swart, Areaverkoopsbestuurder,
082 404 9651; b.swart@lemken.com

LEMKEN
The Agrovision Company

DIE VROEË GESKIEDENIS van katoenproduksie in Suid-Afrika

deur Koot Louw, Katoen SA

Tussen 1860 en 1870 is katoen op relatiewe groot skaal in beide Natal en die Kaapkolonie aangeplant. Die doel was om in die wêreldvraag na katoen te voorsien, wat ontstaan het as gevolg van die Amerikaanse burgeroorlog. Daarna het dit feitlik tot stilstand gekom en eers weer in 1904 posgevat. Sowat 12 tot 14 hektaar is in 1904 in die Tzaneen-omgewing aangeplant en die eerste pluismeule is in 1905 in hierdie gebied opgerig.

Tussen 1913 en 1922 is katoen hoofsaaklik in die Transvaalse Laeveld en in die Oos-Transvaal verbou. In 1922 is 'n tweede pluismeule in Barberton opgerig, in 1924 nog twee by Umbogintwini en Magut in Natal, en 'n verdere een in 1935 by Louis Trichardt deur die Lancashire Cotton Corporation Spinners van die Verenigde Koninkryk. In hierdie stadium was daar nog geen spin- of weeffasiliteite in Suid-Afrika nie en al die katoenvesel is na Liverpool uitgevoer. Om hierdie program te administreer, is 'n katoengradeerder aangestel om toesig te hou oor die kwaliteit en die uitvoer van die katoenvesel.

Katoen is die eerste keer in 1927 onder besproeiing in die Benede-Oranje-riviergebied verbou, maar ná 1930 het katoenproduksie in Suid-Afrika afgeneem as gevolg van die Groot Depressie. Dit het eers weer momentum ná die einde van die Tweede Wêreldoorlog gekry, toe die Ralli Brothers van Londen die moontlikheid van winsgewende katoenverbouing in Suid-Afrika raakgesien het. In 1948 koop hulle die pluismeule by Magut sowel as twee plase in hierdie gebied en rig 'n verdere pluismeule op. Terselfdertyd bring hulle Bergrivier Textiles in die Paarl tot stand, waar katoen vir die eerste keer plaaslik gespin en geweef word.

In 1949 het die Du Four-broers ook 'n spin- en weeffabriek by Standerton opgerig wat vandag nog in bedryf is. Die grootste hupstoot vir die plaaslike katoenbedryf in hierdie tyd was egter die oprigting in 1952 van die eerste behoorlike tekstielfabriek in Ladysmith, Natal, deur Philip Frame in vennootskap met die Consolidated Lancashire Cotton Corporation.

Al hierdie gebeure het die fondament gelê en die stimulus voorsien vir die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse katoenproduksiesektor soos gesien kan word in die meegaande figuur.

Figuur: Katoenveselproduksie in Suid-Afrika sedert 1904 (200 kg-bale).



BOLVORMING, ONTBLARING EN OES

deur dr. Annette Bennett, Katoen SA

Katoenbolvorming en -ontwikkeling geskied vandat die eerste wit blomme verskyn het totdat die eerste bolle bars, tydens die periode vanaf dag 103 tot 140 (14 tot 20 weke) na plant (Chaudhry & Guitchounts, 2003). Bolle neem ongeveer 20 tot 25 dae (drie weke) om 'n goedgevormde bol te vorm. 'n Bestuifde katoenblom (wit blom) neem ongeveer 50 dae om 'n volledige oop katoenbol met ryp vesel te vorm.

Die bolontwikkelingsperiode neem toe namate temperature daal, met nagtemperature wat belangriker is as dagtemperature. Die grootte, vorm en gladheid van die bol verskil tussen variëteite en bolle van *Gossypium hirsutum* weeg ongeveer 3 tot 10 g per bol, maar meer dikwels tussen 3 en 6 g per bol (Oosterhuis *et al.*, 1994). Tans maak die saad ongeveer 52% van die gewig uit; die oorblywende gedeelte is die vesel. Die finale droëbolgewig bestaan uit 75% tot 80% saadkatoen, terwyl die saadkapsule (katoenbolhuisie sonder saad en vesel) ("burs") die res van die gewig uitmaak. Opsommend dus:

- saad = 52%
- vesel = 37%
- donskatoen = 2% tot 3%
- verlies = 6% tot 8%

